

# Reik na 'n gone vag van gehalte



Suid-Afrikaanse wol is reeds dekades lank bekend vir die gehalte en hoë standaard van klassering daarvan, wat die skeersel uiters gesog op die internasionale mark maak. Standaarde behoort egter van tyd tot tyd hersien en aangepas te word om in voeling te bly met veranderings in die mark.

**D**ie evalueringstelsel van Cape Wools SA vir die beste ekonomies geklasseerde skeersel dra by tot beter gehalte en skeerselvoorbereiding. Dit vestig ook die trots dat die skeersel besoedelvry en volgens NWKV-klasstandaarde en die korrekte bestuurspraktyke aan kopers aangebied word. Die stelsel gee ook erkenning aan wolprodusente en die klasers wat die skeersels geklas het.

### Wol waarna die kopers vra

Een van die belangrikste vereistes van die wolkoper is die eweredigheid van enige gemete of ongemete eienskappe binne 'n individuele lot. Gevolglik is dit uiters belangrik dat daar die minimum afwykings is wat betref eienskappe soos veseldikte en stapellengte wat die koper dan in staat stel om uitvoerbewings en verwerkingslotte so kostedoeltreffend moontlik saam te stel.

Daarom is behoorlike en doeltreffende wolklassering die eerste en waarskynlik die belangrikste skakel in die wolketting. Goeie klassering beteken dat die klasser sy kennis en goeie oordeel moet gebruik om net die nodige klasse te maak, op so 'n wyse dat hy

die maksimum prysvoordeel vir die skeersel kan behaal sonder om verpakkings- en bevestigingskoste op te jaag.

Onnodige verdeling en versnippering van die skeersel in te veel klasse jaag die kostes op, en beteken nie noodwendig hoër pryse vir die produsent nie.

Die sleutel tot goeie klassering is om hierdie twee teenstrydige stappe vereistes teen mekaar op te weeg ten einde die hoogste moontlike potensiele inkomste uit die skeersel te verdien. Die klasstandaarde beklemtoon ook die wolklasser se verantwoordelikheid om goeie bestuursbeginsels in die wolskuur toe te pas en besoedeling voor klassering en tydens verpakking te voorkom.

'n Skeersel wat met baaltou of ander vreemde voorwerpe besoedel is, sal deur die koper gepenaliseer word, ongeag hoe goed dit geklas is. Dieselfde geld vir skoon, onbesoedelde maar swak geklasseerde skeersels.

Foto's: Theuns Botha



(BLAAI OM)



## Resep vir sukses

*Wolboer/Wool Farmer* het by van die top-presteerders in die NWKV se kompetisie vir die beste ekonomies geklasseerde skeersels gaan kers opsteek oor wat hul suksesresep is.

Almal is dit eens dat betrokkenheid by die skeer- en klasproses ononderhandelbaar is. Duncan en Dave Currie van Cathcart sê dat hulle permanent in die skeerhuis is en geen skaap word geskeer sonder dat hulle teenwoordig is nie. Hulle klas ook self hul wol. Piet le Roux van AL3 Boerdery naby Fraserburg beaam dit. "Twee van ons is permanent in die skeerhuis en die derde een is verantwoordelik vir die inbring en wegvat van die skaap. Ons behartig self die hoof tafel, en die onderlyne word deur plaaslike klassers gedoen wat opleiding by die NWKV ontvang het."

Othard Klingenberg van Wakkerstroom is skeertyd die hele tyd in die skeerskuur. "Ek beweeg die heelyd tussen die hoof- en onderlyne en maak seker dat alles op standaard is. Sodoende kan ek seker maak dat die skeerskuur skoon bly en is ek bewus van alles wat daar gebeur."

By die Van As-broers se plaas naby Swelendam word die wol deur Springbokkopklassers van BKB geklas en in oorleg met die bestuur word lyne uitgesit wat deurgaans deur die bestuur en 'n BKB-woladviseur geïnspekteer word.

Dié boerdery-onderneming is nie net ingestel op besoedeling in die skeerhuis nie, maar is ingestel op die algehele bekamping

van besoedeling in die boerdery. "Geen toue, sakke, rommel of indringeronkruid word toegelaat nie. Tydens seleksie is daar ook streng beheer op diere wat draers is van vreemde vesels."

AL3 Boerdery gebruik die skeerhuis slegs vir skeer en dit word voor skeertyd deeglik skoongemaak en ontsmet om enige besoedeling te voorkom. "Die skeerhuis word uitgevee, alle voersakke, baaltou, voëltjieneste, voertuie, implemente en los goed word verwyder. Ons let noukeurig op die skeerders en klassers se klere en veral hul skoenveters."

“Onnodige verdeling en versnippering van die skeersel in te veel klasse jaag die kostes op, en beteken nie noodwendig hoër pryse vir die produsent nie.”

Hulle handhaaf ook streng beheer oor skeertoerusting, soos wolhake, baalhake, wolkaartjies, wolpersonderdele en -penne. "Wol wat oor naweke in die wolbakke bly lê word met seile en leë wolsakke toegetrek, want voëltjies is geneig om die buurman se baaltou aan te dra. Geen wol of bale met wol word buite gestoor of gepak nie."

## Voorkom variasie

Quaggasfontein Boerdery naby Fraserburg glo daaraan om nougeset die vag af te rand. Om variasie in lengte, veseldikte en skoonopbrengs te beperk, toets hierdie familieboerdery die stapellengte van die vag wanneer hulle onseker is. "Gebruik jou aanvoeling en hou jou oë gefokus tydens klassering," is hulle raad.

"Ons rand elke dag tweeledig af: eerstens word net die sweetloks afgehaal en in 'n bak gegooi, en die ander korter en swakker stukke wat nie by die vag pas nie gaan in 'n ander bak. Dan is die grootste deel van die onderlyne klaar geklas en kan dit net so na die bins gaan. Sodoende word onnodige, ekstra arbeid gespaar. Ons waak daarteen om nie die skeersel onnodig in te veel lotte te versnipper nie, en maak die lotte oordeelkundig op wat aanneemlik is vir die koper."

Die Immelmans van Fonteinplaas naby Sutherland haal eerste die hooflyn uit – wat meeste 'n A- of B-lengte is. Daarna haal hulle die vagte uit wat korter of langer is en gooi hulle waar hulle pas. "Ons doen dan dieselfde vir veseldikte. Ons hooflyn is gemiddeld 19 mikron en die wol wat fyner of sterker is word apart gegooi."

"Om te kyk na die vorige jaar se woltoets-

resultate gee my 'n idee van hoeveel lyne my skeersel nodig het," sê Othard Klingenberg. "Langtermyn- en doelgerigte teeldeelwitte met betrekking tot veseldikte, stapellengte en die tipe karteling maak dat jy baie minder lyne nodig het. As ek ooit klas vir die dekseisoen, fokus ek daarop dat die wol eenvormig is sodat uiterstes nie deel word van my teelkudde nie."

Hy skryf sy sukses toe aan die feit dat hy elke jaar dieselfde skeerspan en klassers kry. "Hulle verstaan immers wat ek van hulle verwag. Vir die onderlyne gebruik ek seisoenswerkers, maar slegs vrouens."

Soos Klingenberg, poog die span van AL3 Boerdery om die wolweiling in Port Elizabeth by te woon. Hulle voel dat hulle sodoende op hoogte bly van marktdense en ook leer uit die foute in hul skeersel wat die makelaar aan hulle uitwys.



Gebruik hierdie skakel om na 'n onderhoud op *Grootplaas* te kyk waarin Jan Louis Venter, NWKV-produksieadviseur, gesels oor die ingewikkelde praktyk van wolklassering.

